# Pierneef Gemeente
# Die Boodskapper
# 4 Februarie 2024

**Kantoorure:** Ma, Wo & Vr, 8:00-16:00

**Sel:** 072 137 4407

**Epos:** kantoor@ngkpierneef.co.za

**Bankbesonderhede:** NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA, Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845

**Leraar:** Ds Paullet Grobler (076 841 1568)

**Gemeente-Sekretaris:** Cecile Botha (072 137 4407)

**Jeugwerker:** Sandra Berger (061 930 6540)

## *9:00 Erediens (Nagmaal) en Kinderkerk*

*Prediker: Ds Paullet Grobler*

*Teks: Matteus 5*

*Teebeurt: Wyk C*

(Wyk C) se Ouderling: Herman Botha:

22ste laan, 23ste laan, Pierneefstraatsystr, Odelaan

## *Kategese en Belydenisklas na die diens.*

## *Bybelstudie en Bybelskool hervat hierdie week*

## Nuwe lidmate

Ons nooi nuwe lidmate om asb na die erediens tot voor die kansel te kom waar ons u graag wil ontmoet. In die voorportaal is ook vorms beskikbaar wat u kan voltooi sodat ons u vinnig kan leer ken. Lidmate wat 'n besoek verlang kan gerus die kerkkantoor kontak of kom inloer om 'n afspraak te maak.

## Verjaarsdae

| | | | |
|---|---|---|---|
| 05/02 | Me | Elsabe | Grebe |
| 05/02 | Mnr | Donovan | Kightley |
| 07/02 | Mnr | Christiaan | Horn |
| 07/02 | Me | Nelia | Snyman |
| 08/02 | | Este | Kloppers |
| 09/02 | Mnr | Erich | Otto |



## Voorbidding

### *Lief en Leed:*

- Jason Herbst wat in die hospitaal is. Hy is baie ernstig.
- Annetjie Kok wat sukkel met verskeie gesondheidsprobleme. Sy was onlangs in die hospitaal.
- Christo Kok wat kanker het (Tannie Annetjie se seun).
- Annemarie Malherbe wat herstel na 'n knie-operasie.
- • Bid vir gesinsverbande: krag, liefde, en begrip tussen gesinslede.
- • Bid vir gebroke gesinne: genesing, versoening, en herstel van verhoudings.
- • Bid vir ouers: wysheid om kinders groot te maak en 'n ondersteunende omgewing te skep.
- • Bid vir huwelike: eenheid, toewyding, en deursettingsvermoë teen uitdagings.
- • Bid vir bejaardes en enkelouerhuishoudings: troos, geselskap, en ondersteuning.

# *Dorkas se Kombuis*

Die afgelope week het daar bykans daagliks iets tot voordeel van Dorkas se Kombuis gebeur.

Ons het nog ‘n tweedehandse skooltas ontvang.

- Daar is Dinsdag boontjies, mielies, buns en tamaties ontvang vanaf die **Moot Sorgsentrum**. Dit is Woensdag by RHS afgelaai vir so ‘n ietsie ekstra.
- Inbetalings in die Dorkas rekening ontvang, wat insluit ‘n mooi donasie vanaf ‘n vriendin van een van ons gemeentelede.
- 3 inkopiesakke vol glippertjies (druiwe) is deur een van ons gemeentelede geskenk. Die glippertjies is geskenk aan ‘n ouetehuis wat dit Vrydag uitgedeel het. Ek is seker die glippertjies het gesorg vir so bietjie nostalgie 😊
- Ek deel graag die boodskap ontvang vanaf die sussie van die leerder wie ons gehelp het met haar Graad 8 toer: “Sy het dit baie geniet tannie. Sy het ‘n hele klomp maatjies gemaak ook en dit was baie belangrik gewees vir ons omdat sy nie baie sosialiseer nie.

Ons staan DANKBAAR.

*Mooi loop die week.*

**Bankbesonderhede: M Janeke: Capitec Spaarrek nr: 1651207613**

## Belangrike datums

**Stap by die Botaniese tuine**
**6 Februarie om 8:00**

Almal bo 60 stap gratis! Onthou net om jou ID saam te bring. Ons kry mekaar 8:00 binne naby die ingang onder ‘n boom vir koffie en beskuit voordat ons stap. Almal is welkom!

**Kinderkrans**
**9 Februarie om 14:15**

Alle Laerskoolkinders word uitgenooi om saam te kom speel, sing en leer by ons byeenkoms Vrydag! Dit is hope pret! Kontak gerus vir Cathy as jy meer wil uitvind: 0845146594

# Advertensies

Twee Slaapkamer woonstel beskikbaar vanaf 1 Februarie 2024.
Garrett Gardens, Dormerstraat, Queenswood.
Mooi uitsig vanaf 6e vloer.
Naby Eduplex, en Huis Herfsblaar.
Navrae: Thea Oosthuizen 073 239 1332

Ruim 1 slaapkamer tuinwoonstel met oopplan kombuis/kuierarea te huur. R5700. Elektrisiteit ingesluit. Kontak Jeanne 0829281374

William Phirri is baie betroubaar en hardwerkend. Van sy werkgewers verhuis Kaap toe en hy is Maandae en Donderdae beskikbaar om in die tuin te werk. (Aanbeveel deur Jeanne) Kontak 0829281374.

**5 dag plan om op te hou rook!**

Datum: Maandag 19 Februarie, 2024 – Vrydag 23 Februarie, 2024
Plek: N G Kerk Villieria in die saal
Tyd: 18h30 tot 20h00
Koste : R200

Word aangebied deur Jan Hamman - 082 990 4319

Wilma, ons skoonmaker hier by die gemeente, is opsoek na ekstra werk gedurende die week. Sy het Dinsdae en Donderdae oop wat sy as huishulp kan help indien iemand haar benodig. Kontak gerus die Kerkkantoor vir meer besonderhede.

## Vars produkte by die kerk te koop

Heel hoenders, asook braaipakke en boudjies & dye is Sondae na die diens en tydens kantoorure teen R60 'n kilogram beskikbaar.
Vars plaasbotter – R65 vir 500g houer is ook beskikbaar.
Die kerk verkoop ook **FARINA** hondekos – R100 vir 'n 8 kg sak en R275 vir 'n 25 kg sak.